Tesaam! (Handelinge 17:22-34)

Inleiding:

Op die 23 ste Maart 2020 kondig die president van Suid-Afrika aan dat ons in ’n grendeltyd is. Ons hardloop soos malkop hoenders om en deur ons huise om fiks te bly. Daar was van die snaaksste wette. En ons was nie die enigste land met die snaakse (durf ek sê simpel wette) waarby ons moes aanpas nie:

- In Italië is mense aanvanklik net toegelaat om hul troeteldiere vir ’n stappie te vat. Dit het natuurlik gelei tot 'n paar kreatiewe interpretasies van die wet toe mense hulle troeteldier visse vir 'n "stappie" in 'n waterbak geneem het.
- In SA – slegs toe skoene mag verkoop word, geen plakkies nie. Jy mag ’n kort mou T-shirt verkoop as jy kan bewys dat dit onder ’n langmou trui of hemp gedra gaan word.

Dit was ook die tyd waar die debat ontstaan het oor die sogenaamde “noodsaaklike dienste” of “nooddienste”. Nooddienste was so half en half maklik om te verstaan, maar toe moes bepaal word wat is noodsaaklike dienste want noodsaaklike dienste kon oopbly en selfs ook reis as hulle ’n permit van die polisie gehad het.

Dit was ook baie vreemd want byvoorbeeld in Parys was sjokolade winkels geklassifiseer as noodsaaklik en kon dus oopbly vir die publiek. Vreemd genoeg is kerke toe gereken as nie noodsaaklik.

As ek egter na die Bybel kyk verskil God van die standpunt. Hy sê onomwonde ja! Die kerk is noodsaaklik. Hoekom? Want Hy sê dit in sy woord. Matteus 16:18: “Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots **sal Ek my kerk bou**, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. 19. Ek sal aan jou die sleutels van die koninkryk van die hemel gee, en wat jy op die aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly; en wat jy op die aarde oopsluit, sal in die hemel oopgesluit bly.”

God ag die kerk noodsaaklik – soveel so dat Hyself die argitek van die kerk is. Dit is die eerste keer waar die antieke Griekse woord gebruik word om die kerk te beskryf. Die woord is: Ekklesia (ἐκ - καλέω).

Dit is ’n woord wat uit 2 dele bestaan naamlik “ek” en “kaleo”.Ek – is die woord uit – ons hoor dit ook in die woord Ek-sodus. Kaleo beteken – om te roep, of om uit te nooi. Die woord Ekklesia het nie sy oorsprong vanuit die godsdiens nie, maar eerder vanuit die juridiese wêreld met die betekenis om mense uit te nooi of op te roep om bymekaar te kom en oor ’n saak te gesels, daaroor te besluit of daaroor na te dink.

Daarom dus te vertaal vir ons tyd beteken dit ons is hier tesaam, deur God uitgeroep, uitgenooi om bymekaar te kom en oor God na te dink. Daarom is die vraag in Matteus 16 absoluut noodsaaklik. Jesus vra vir sy dissipels: Wie sê julle is ek?

Petrus het geantwoord (Matteus 16:16): “U is die Christus, die Seun van die lewende God.”

God is die argitek van sy kerk en Jesus is die fondament.

1 Kor. 3:10-11
Julle is ook die gebou van God. 10. Volgens die genade wat God my gegee het, het ek soos 'n goeie bouer die fondament gelê, en 'n ander bou daarop. Maar hy moet mooi kyk hoe hy verder bou, 11. want niemand kan 'n ander fondament lê as wat reeds gelê is nie. **Die fondament is Jesus Christus.**

Die teks wat ons die week gelees het op ons Bybelleesrooster was Handelinge 17 en in die teks help Paulus ons verstaan wat ons kern

taak is – wat is die noodsaaklike boodskap wat ons moet gaan deel. Ons moet gaan vertel wie God is. Hy is (vgl. Vers 28) ... deur Hom leef ons, beweeg ons en bestaan ons.

En nou kom vertel hy vir ons van die noodsaaklike boodskap wat elke mens moet hoor: Handelinge 17:30: “God het die tye van onkunde **oorgesien**, maar nou roep Hy alle mense oral op om hulle te bekeer”.

Bitter belangrik – bitter noodsaaklik is om te besef oorgesien is nie misgekyk nie. Ek het dit gesien - maar toe het ek die besluit geneem om dit oor te sien. Dit is wat God met ons sonde doen. Wat ’n ongelooflike genade.

Maar daar is ook nog meer. Vers 31. want Hy het 'n **dag bepaal** waarop Hy regverdig oor die wêreld gaan **oordeel** deur 'n Man wat Hy uitgekies het [hy verwys na die kruisiging]. As bewys daarvan vir almal, het **Hy Hom uit die dood laat opstaan**.”

As jy nou van iets wil praat wat noodsaaklik is – hier is dit – JX het uit die dood opgestaan.

- Is die kerk noodsaaklik? Ja, God sê so! Hy noem ons Ekklesia – die wat uitgeroep is.
- Is ons getuienis noodsaaklik? Ja, - want dit beteken verlossing vir alle mense!
- Is jy noodsaaklik? Ja, want JX het vir jou aan ’n kruis gesterf, jou sonde oorgesien en opgestaan uit die dood. Mag ons vandag tesaam hierdie wonder vier!